

# Oudioboeke en potgooie

RONEL MOUTON

**Assistentdirekteur: Outeniqua Beheergebied**

As gevolg van my werk spandeer ek ure alleen op die pad en om die tyd gouer om te kry asook vir heerlike afleiding, het die oudioboek en potgooi (pod cast) 'n onontbeerlike hulpmiddel geword. Vir iemand wat nie 'n CD-speler of motor-radio met 'n iPod- of MP3-konneksie het nie, is dit nie die einde van die wêreld nie. Ek het 'n iPod nano aangeskaf en gebruik die Shox Maxi as luidspreker. As die motor te veel raas binne, kan oorfone saam met die iPod gebruik word.

Die definisie van 'n oudioboek is dat dit 'n opname van 'n teks is wat hardop voorgelees word en dat dit nie noodwendig die perfekte weergawe van die boek of tydskrif is nie (*Wikipedia*).

Voorgeleesde oudioboeke is lankal beskikbaar, maar dit is eers sedert die 1980's dat dié medium in groter aanvraag in die boekhandel is. In Suid-Afrika maak oudioboeke die kleinste afdeling in 'n boekwinkel uit, maar met die groter beskikbaarheid van aanlynwinkels soos *Kalahari.net, Amazon.com*, ensovoorts, koop meer mense hulle oudioboeke daar, aangesien die verskeidenheid net soveel groter is.

Oudioboeke word versprei op CD's, kassette en aflaaibare digitale formate soos MP3 (.mp3), 'Windows Media Audio' (.wma) en 'Advanced Audio Coding' (.aac). Die afgelope paar jaar het die Internet 'n groot rol begin speel in die beskikbaarheid van titels deur aflaaibare lêers, 'audio streams' en RSS 'feeds'.

Volledige (unabridged) oudioboeke beteken woord-vir-woord voorlees uit 'n boek terwyl die verkorte (abridged) oudioboeke beteken dat teksdele verwyder is deur die redigeerder. Verkortings help met die vermindering van koste of vir ander redes, maar daar is kritiek dat dit onvolledige weergawes van die oorspronklike werk is. Die toenemende gebruik van digitale formate vir oudioboekopnames het gelei tot minder verkorting van tekste. Die mees algemene rede vir verkorting was die besparing op produksie, maar aangesien oudio-opnames as digitale data gestoor word op skywe of ander media, is die koste ongeveer maar dieselfde as vir die onverkorte weergawe.

Oudioboeke kan 'n volle gedramatiseerde weergawe van die gedrukte boek wees, met 'n wye spektrum van verskillende karakters en stemme, musiek en klankeffekte. In Januarie elke jaar word die *Audie Awards* toegeken vir die beste produksie en uitvoering in verskillende genres. Dit is soos die Oscars vir die oudiowêreld.

Soms bied radioprogramme voorgeleesde boeke deur akteurs of die skrywers self aan. Die BBC het 'n groot verskeidenheid boeke wat gereeld aangebied word. RSG bied ook daagliks 'n voorlesing uit 'n Afrikaanse boek aan. Wilna Adriaanse se **Vier seisoene kind** is, byvoorbeeld, onlangs voorgelees.

Die oudioboek het aanvanklik ontstaan na aanleiding van 'n behoefte van gesiggestremde 'lesers' om toegang te hê tot die gedrukte media. Tot in die 1980's het baie outeurs nie toegelaat dat hulle boeke in oudioformaat beskikbaar gestel word nie. Dus was die grootste hoeveelheid produksies nie gebaseer op gepubliseerde boeke nie.

Die Audio Publishers Association is in 1986 deur ses mededingende maatskappye geskep wat begin het om oudioboeke onder die publiek se aandag te bring. Dit is ook die Audio Publishers Association wat die *Audie Awards* vir oudioboeke geskep het.

CD's was nie dadelik 'n gewilde medium vir oudioboeke nie, want die eerste CD's het nie, soos die kassette, begin waar dit opgehou het wanneer die CD-speler afgeskakel is nie. Dit was eers toe die meeste motors in Amerika en Brittanje met CD-spelers vervaardig is, dat die CD-medium vir boeke gewild begin raak het. Die Provinsiale Biblioteekdiens se oudioboekversameling (gehou in die Sentrale Naslaanversameling) is 'n duidelike bewys dat oudioboeke in kassetformaat tot onlangs die verkose formaat was aangesien dit die grootste deel van die versameling uitmaak.

Met die aanbreek van die Internet, breëbandtegnologieë, nuwe gekompakteerde oudioformate en draagbare spelers, het die gewildheid van die oudioboek aansienlik verhoog. Dit word ook gereflekteer in die aflaai-subskripsiedienste vir oudioboeke soos iTunes.

Onlangse tegnologie het boeke van die publieke domein begin beskikbaar maak deur



vrywilligers wat dit voorlees. Oudioboeke kan ook vervaardig word deur die gebruik van teks na spraaktegnologie alhoewel die gesintetiseerde spraak nie so aanvaarbaar is soos opnames wat deur 'n menslike stem gedoen is nie.

Oudioboeke op CD is duurder as hardebandboeke aangesien die klankopname 'n duur proses is. Aflaaibare oudioboeke is goedkoper as die CD-weergawe, maar steeds duurder as die sagtebandweergawes van die boek. Dit maak die mark vir die oudioboek kleiner as dié vir die gedrukte weergawe.

Die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes (*http://www.salb.org.za/*) produseer en kopieër nuwe voorgeleesde materiaal in oudioformaat. Hulle is ook besig om die bestaande analoog-oudioversameling om te skakel na die meer gebruikersvriendelike digitale oudiomedium. Tydskrifte word ook deur hulle voorgelees en beskikbaar gestel.

In Amerika bestaan 40% van die oudioboekmark uit gebruik deur biblioteke en die res is hoofsaaklik deur boekwinkels.

Gratis oudioboeke is beskikbaar op die Internet om af te laai, maar die data wat afgelaai moet word is só baie dat dit nog 'n duur produk in Suid-Afrika is.

Oudioboeke word beskou as 'n waardevolle leeshulpmiddel. Jy kan luister na 'n voorlesing of gesprek terwyl jy iets anders doen, hoewel dit genoem moet word dat dit afbreuk kan doen aan die uitvoer van die primêre aksie. Hierdie veeltakigheid word natuurlik net aanbeveel wanneer die hooftaak meganies van aard is en nie baie konsentrasie verg nie, soos wanneer bestuur word, voorraadopname geneem word, strykwerk, ensovoorts, met geen kans dat 'n krisis as gevolg van die luister en werk saam kan ontstaan nie.

Aangesien boeke so duur is om af te laai, maak ek eerder gebruik van die iTunes se iStore waar 'n mens kan inskryf op verskeie potgooie (pod casts). Selfs radiostasies soos RSG hou potgooie van dokumentêre programme waarop ingeskryf kan word.

Interessante oudioboeke en potgooie is beskikbaar op iTunes se iStore:

- *Tegnologie*, byvoorbeeld, Science talk, The PopSci podcast
- *Geloof*, byvoorbeeld, Joyce Meyer of Dr James Dobson
- *Wetenskap* en *medisyne*, byvoorbeeld, The critical thinker podcast, Neurology podcast
- *Taalkursusse*, byvoorbeeld, Learn French for beginners, Better at English
- *Speletjies en stokperdjies*, byvoorbeeld, Digital photography tips, Knit science
- *TV* en *film*, byvoorbeeld, Animal Planet audio podcast, Discovery news audio podcast
- *Gesondheid*, byvoorbeeld, Learn to meditate, Vegan radio
- *Opvoeding*, byvoorbeeld, British history 101, Entrepreneurial thought leaders
- *Besigheid*, byvoorbeeld, Business week, Rich dad's podcast
- *Nuus* en *politiek*, byvoorbeeld, Africa today, The Economist
- *Samelewing* en *kultuur*, byvoorbeeld, Stuff you missed in history class, Lonely Planet travelcasts
- *Kinders* en *gesin*, byvoorbeeld, Focus on the family, The story home children's audio
- *Sport* en *ontspanning*, byvoorbeeld, Footballguys.com, Backpacking light magazine.

Vir oudioboekaankope of die aflaai van gratis boeke is daar 'n wye verskeidenheid werwe op die Internet. Hier is maar net 'n paar:

*www.listenerslibrary.co.za/*
*www.theaudiobookstore.com*
*www.librivox.org/*
*www.booksontape.com/*
*www.simplyaudiobooks.com/*
*www.audiobooksforfree.com/*
*www.audioforbooks.com/*
*www.kalahari.net/audio_books*
*www.audible.com*
*www.theaudiobookstore.com*
*www.redpepperbooks.co.za/*
*www.MP3books.co.za/*
*www.learnoutloud.com/*
*www.top-audiobook-downloads.com/*
*www.theaudiobookstore.com/*

## WAARNA HET EK ONLANGS GELUISTER?

**Moby Dick** deur Herman Melville se oorsprong is as gevolg van 'n walvis wat in die 1800's werklik 'n skip gesink het. Daar is 'n biografie van die oorlewendes beskikbaar.

Ek het ook gehoor hoe 'n ervare sielkundige en navorser 'n verduideliking gee hoekom vroue ervaar dat mans nie luister nie en uit watter agtergrond die meeste vroue en mans met mekaar kommunikeer.

Henry Ford het 'n utopiese dorp in die middel van die Amazonewoude gebou met die oog op die rubberhandel, maar dit het skeefgeloop.

## ANDER BOEKE GELUISTER EN AANBEVEEL

Dan Brown se **Digital fortress**
Margaret Forster se **The travels of Maudie Tipstaff**
Harlan Coben se **Deal breaker.**

**Bronne**

*Wikipedia*
*http://www.salb.org.za/*
iTunes se iStore
ogle

CL